

Die ontwikkeling van 'n misdaadvoorkomingsmodel binne 'n kommersiële produksiegebied

The development of a crime prevention model within a commercial production area

FREDDIE KRUGER

Misdaadondersoeker
Mpumalanga
krugerjfe@tsb.co.za

ANASTASIOS LADIKOS

Departement Kriminologie, Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria
ladika@unisa.ac.za



Freddie Kruger Anastasios Ladikos

FREDDIE KRUGER matriculeer in 1982 aan Hoërskool Patriot te Witbank. Hy behaal in 1998 die graad BA (Polisiekunde) en in 2000 die graad Hons BA (Kriminologie) aan die Universiteit van Suid-Afrika. Terselfdertyd voltooi hy 'n diploma, "Gevorderde program in Sekuriteitsbestuur." In 2002 voltooi hy die graad MA (Kriminologie) aan die Universiteit van Suid-Afrika. Die graad Doctor Litterarum et Philosophiae word in 2005 aan hom toegeken, ook deur die Universiteit van Suid-Afrika. Sy navorsing beklemtoon hoe belangrik onderlinge verhoudinge en samewerking tussen verskeie rolspelers is ten einde misdaad op plase effektief aan te spreek. Hy is huidiglik hoof van misdaadondersoeke in die privaatsektor. Hy is ook 'n volle lid van die *Kriminologiese en Viktimologiese Vereniging van Suider Afrika (CRIMSA)* en dien op verskeie plaaslike komitees waar hy as sekerheidskonsultant diens lewer.

FREDDIE KRUGER matriculated in 1982 at High School Patriot in Witbank. He obtained the BA (Police Science) degree in 1998 and in 2000 the Honours BA (Criminology) degree at the University of South Africa. During the same period he completed the "Advance programme in Security Management". During 2002 he completed the MA (Criminology) through the University of South Africa. In 2005 the degree Doctor Litterarum et Philosophiae is awarded to him, also by the University of South Africa. His research emphasizes the importance of sound relationships and cooperation between different role players to effectively address crime on farms. At present he is head of criminal investigations in the private sector. He is also a full member of the *Criminological and Victimological Society of Southern Africa (CRIMSA)* and serves on various local committees where he renders a service as security consultant.

ANASTASIOS LADIKOS is 'n mede-professor verbonde aan die Instituut vir Kriminologiese Wetenskappe, Departement Kriminologie by die Universiteit van Suid-Afrika. In sy navorsing lê hy klem op die verwantskap tussen teorie, metode en empiriese data by 'n reeks van verskeie misdaadverwante vraagstukke in 'n poging om 'n balans tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe metodologie te bewerkstellig. Hy is ook 'n volle lid van die *Kriminologiese en Viktimologiese Vereniging van Suider Afrika (CRIMSA)*, die President van die *Suid-Afrikaanse Gemeenskap vir Griekse Filosofie en die Geesteswetenskappe (SAGGFG)* en die redakteur van die geakkrediteerde tydskrif *Phronimon*. Daarby is hy ook die koördineerder van die akademiese netwerk van die "World Council of Greeks Abroad" (SAE) vir Afrika en die Midde-Ooste streek.

ANASTASIOS LADIKOS is an associate professor attached to the Institute for Criminological Sciences in the Department of Criminology at the University of South Africa. He pursues the methodologies of criminological research focussing on the relationship between theory, method and empirical data on a range of different crime-related issues. In his research exploits he invariably strives to achieve a balance between quantitative and qualitative methodology. He is a full member of the *Criminological and Victimological Society of Southern Africa (CRIMSA)*, the president of the *South African Society for Greek Philosophy and the Humanities (SASGPH)* and the editor of the accredited journal *Phronimon*. He is also the co-ordinator of the academic network of the *World Council of Greeks Abroad (SAE)* for the Africa and Middle East region.

ABSTRACT***The development of a crime prevention model within a commercial production area***

This article discusses four central themes essential for the designing of a model with the aim of improving crime prevention on farms in the area of "Transvaal Sugar Limited". The first theme refers to the improvement of attitudes between farmer and farm worker. In this respect the creation of good and positive work relations enhances mutual trust between employer and employee and minimizes the possibility of crime on farms because farm workers remain loyal to their employer by in a sense accepting "co-ownership" of the farm. In this sense one needs to be aware of the fact that various people have different needs which need to be fulfilled and the attitude of the employer is crucially important in this regard. Moreover the recruiting and selection of quality personnel should not be neglected by the employer as it is also an important step for the establishment of future attitudes and relations. Employers should carefully consider prospective candidates by conducting interviews and learning also from previous mistakes select the best candidate. As conflict and relative differences between groups of people are unavoidable, an attempt should initially be made to solve any arising dispute by mutual discussion between farmer and farm worker and by doing so potential conflict may be avoided. In addition better work conditions should be put in place to provide job satisfaction as employees expect to be treated fairly and also be part of a democratic decision making process which in turn will assist them to fulfil their full potential.

The second theme revolves around the development of the farm worker by creating sound mutual work relations. The point of departure highlights the fact that the development and training of farm workers regarding their work obligations on the farm enhance the existence of good mutual work relations. Thus it becomes easier for the employer to explain to farm workers the importance of a budget or the impact of non-productivity on the budget results. The management of a worker's development includes performance measurement, performance discussion and development activities. An additional way to develop employees is through the process of job enrichment programmes.

The third theme refers to the support which must be given by the South African Police Services and other instances to the farmer. It is absolutely essential that the government of the day supports and assists farmers by means of the optimal use of various resources at its disposal. The South African Police Services and organised agriculture are really in partnership with the farmer/employer with regard to crime prevention. Farmers do not only desire assistance during a farm attack but also effective service delivery in times of less serious crime incidents. It is the responsibility of the South African Police Services to show more interest by visiting farming communities more often and not only in times of need. They should also ensure that their logistic arrangements are always in order. Employers/farmers should also express greater interest in police activities by for example attending police meetings on a more continuous basis, not employing illegal immigrants and also by themselves taking basic steps in protecting their property and by reporting suspicious persons to the police.

The fourth theme refers to the importance of crime prevention through target hardening. These are the steps that can be taken by farmers/employers themselves in order to prevent crime and are supported by modern technological aids. Consequently the farmer confirms ownership of his possessions and to a certain extent crime is transferred to more vulnerable areas. Physical barriers which are integrated with an alarm system serve as basic crime prevention measures implemented on a cost-effective manner by the farmer and thus protecting his property. In this research the printed media, quantitative and qualitative research principles were used to gather data and determine to what extent crime is experienced by the participants. The value of the primary physical barriers or obstructions with regard to crime prevention is also emphasised in this article. The ADSC crime prevention model is developed as a result of this study with the aim of contributing to the prevention of crime on farms.

KEY CONCEPTS: Crime prevention, farm attacks, barriers, physical obstructions, defensible space, environmental design, electronics, technology, security service providers, target hardening, development, support, interviews, empirical-phenomenological.

TREFWOORDE: Misdaadvoorkoming, plaasaanvalle, versperrings, fisiese hindernisse, elektronika, tegnologie, omgewingsontwerp, verdedigbare ruimte, sekuriteitsdiensverskaffers, teikenverharding, ontwikkeling, ondersteuning, lojaliteit, onderhoude, waarneming, empiries fenomenologies, onderlinge verhoudinge.

OPSOMMING

Hierdie artikel bespreek vier sentrale temas ten einde 'n model daar te stel vir die verbetering van misdaadvoorkoming op plase van die "Transvaal Suiker Beperk" gebied. Die gedrukte media, kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbeginsels is onder andere aangewend om data te versamel. Die temas verwys eerstens na die verbetering van houdings tussen plaasboer en plaaswerker, tweedens na die ontwikkeling van die plaaswerker, derdens na die ondersteuning wat deur die Suid-Afrikaanse Polisie Dienste en ander instansies aan die plaasboer gegee moet word en vierdens na die belangrikheid van misdaadvoorkoming deur teikenverharding.


Die gedrukte media en kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbeginsels is gebruik om data in te samel en te bepaal tot watter mate misdaad deur die deelnemers ervaar word. Die waarde van die primêre fisiese hindernisse of obstrukties met betrekking tot misdaadvoorkoming is ook in hierdie artikel beklemtoon. Sonder die ondersteuning van konvensionele elektronika, en die insette van die mensfaktor, is fisiese misdaadvoorkomingsmaatreëls van geringe waarde, veral op geografiese uitgestrekte landbougronde. Goeie onderlinge werksverhoudinge en lojale gesindhede word as kern-faktore geïdentifiseer waarop boere kan fokus om misdaad op plase te minimaliseer. Samewerking tussen kommersiële boere en die SAPD kan 'n belangrike bydrae tot die hantering van die probleem lewer. Sodanige samewerking is egter in baie gevalle tot 'n hoë mate afwesig. 'n Positiewe ingesteldheid jeens misdaadvoorkoming op plase is die fondament vir enige suksesvolle misdaadvoorkomings inisiatiewe op plase.

Misdaad op plase verdien die aandag van alle sektore in die samelewing. Die GOOM model wat ontwikkel is sodat misdaadvoorkoming op plase verbeter kan word, spruit voort uit die bevindinge van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing asook die verwerking van toepaslike literatuurstudies.

INLEIDING

Voorvalle van geweldsmisdaad in Suid-Afrika neem dermate toe dat daar inderwaarheid sprake is van 'n toestand van anargie waardeur die vreedsame lewenswyse van gevestigde inwoners in gevaar gestel word. Die groeiende misdaadkultuur is een van die vernaamste faktore wat gemeenskapsveiligheid bedreig, aangesien misdadigers weinig respek vir lewe en eiendom openbaar (Celliers, 2003:4 en Labuschagne, 2003:2). Plaasaanvalle en die gepaardgaande gru-misdade, is 'n fenomeen wat sedert die laat tagtigerjare in Suid-Afrika toegeneem het. Plaasaanvalle het sulke afmetings aangeneem dat selfs onafhanklike komitees (Van Burick 2001:4) gestig word om die oorsake en motiewe daarvan na te vors. Die langverwagte verslag omtrent plaasaanvalle wat in September 2003 aan die publiek beskikbaar gestel is, blyk nie in alle kringe ewe groot status te geniet nie. Swart (1998:17) is van mening dat plaasaanvalle reeds in die jare negentig skerp aan die toeneem was. Statistiek wat Swart aanhaal en hieronder grafies voorgestel word, dui die aantal insidente vir die periode 1994 tot 1997 aan. Die statistiek vir die periode 1998 tot 2002 wat ook grafies tot die onderstaande voorstelling toegevoeg

is, is verkry vanaf die SAPD Misdaadinligting-analisesentrum (Mias) van die Suid-Afrikaanse Polisie in Pretoria en weerspieël die toename in die aantal aanvalle en moorde op plase en kleinhoewes.



Bronne: Swart (1998: 17); SAPD Misdaadinligting-analisesentrum (1998-2002)

Grafiek 1: Aantal plaasaanvalle en moorde

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is statistiek vir die periode 1994 tot 2002 in berekening gebring soos in grafiek 1 voorgestel word. Die ooglopende vertolking van bogenoemde syfers dui op 'n afgeronde persentasietoename van 127% in die aantal insidente op plase en kleinhoewes vir die periode 1994 tot 2002 terwyl die toename in die aantal moorde op 25% neerkom. Die afplatting van ongeveer 22% in die aantal totale moorde vanaf 2001 na 2002 is misleidend groot. Hierteenoor was daar 'n toename in die aantal plaasmoorde van ongeveer 60% vanaf 1994 tot 2001. Die slotsom dat daar 'n afname in die aantal plaasmoorde is, is dus voortydig.

DOEL VAN NAVORSING

Boere se werksaamhede sentreer vanselfsprekend rondom boerdery-aktiwiteite. Ten einde hulle in staat te stel om hulle boerdery-aktiwiteite effektief na te kom, is dit belangrik dat boere se tyd en aandag nie uitsluitlik daarop toegespits moet word om misdaad op 'n deurlopende basis te probeer voorkom nie. Indien boere nie nodig het om misdaad op plase te voorkom nie, kan hulle energie optimaal gekanaliseer word na die boerdery-aktiwiteite, wat groter produktiwiteit en winsgewendheid tot gevolg behoort te hê. In hierdie artikel word die klem gelê op die ontwikkeling van 'n geskikte misdaadvoorkomingsmodel wat 'n bydrae kan lewer tot die voorkoming van ekonomiesverwante misdade op plase asook die bekamping van plaasaanvalle.

In die lig van die misdaad wat deur verskeie, maar spesifiek landelike gemeenskappe in Suid-Afrika beleef word, bestaan daar 'n behoefte aan 'n prakties uitvoerbare misdaadvoorkomingsmodel

wat veral vir kommersiële plase geskik sou wees. Die bestudering van misdaadvoorkomingsmaatreëls op plase vereis meer as blote kennis van die pragmatiese handelswyse van oortreders versus misdaadvoorkomingsmaatreëls. Daar is min indringende navorsing beskikbaar wat misdaadvoorkoming op plase in groter besonderhede bespreek. Hoewel studies reeds gedoen en ter tafel gelê is wat aanvalle op plase betref, kon die navorsers nie werk opspoor wat uitsluitlik te doen het met misdaadvoorkoming – en spesifiek ekonomiesverwante misdade – op plase nie. Uiteraard kan daar verwys word na verskeie artikels in die media wat opsommende riglyne bied om huis en haard op plase te beskerm maar om eerstehandse *en objektiewe* inligting rakende die aard, omvang, en voorkoming van misdaad op plase te verkry, word beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbenaderings vereis.

Die faktore wat tydens 'n vooronderzoek as leemtes ten opsigte van effektiewe misdaadvoorkoming op plase geïdentifiseer is, sluit hoofsaaklik die volgende in: die gebrek aan en kwaliteit van fisiese hindernisse wat in plek is om bates op plase te beskerm; die min ondersteuning wat boere in die algemeen van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ontvang tesame met die oneffektiwiteit van die regstelsel in die algemeen; die onderlinge swak werksverhoudinge wat tussen die boer en sy plaasarbeiders bestaan; asook die wanpersepsies rondom die wyse waarop boere hulle werkers behandel. Laasgenoemde, indien korrek aangespreek word, blyk 'n belangrike faktor te wees wat 'n invloed op effektiewe misdaadvoorkoming op plase mag uitoefen.

METODOLOGIE

Daar is *tydens hierdie navorsing* van verskeie datainsamelingstegnieke gebruik gemaak wat onder andere vraelyste en onderhoude insluit soos deur die beginsels van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes voorgeskryf. Vir die doeleindes van hierdie studie word slegs op die landgoedere van Transvaal Suiker Beperk gefokus, 'n gebied wat 'n totale oppervlakte van nagenoeg 8 800 hektaar beslaan en geografies aan weerskante van die N4-hoofpad tussen Kaapmuiden en Komatipoort, asook langs die R571-roete na die Komatimeule en Swaziland geleë is. Tydens hierdie navorsing is alle senior personeel van die onderskeie landgoedere van Transvaal Suiker Beperk ingesluit as respondente wat dus as die volle universum ten opsigte van hierdie studie beskou word. Die motivering vir sodanige besluit is gegrond op die relatief klein personeelkomponent wat vir die empiriese deel van die navorsing beskikbaar is. Aangesien dus die volle universum by hierdie navorsing betrek word, is die bespreking van steekproewe nie relevant nie. Gevolglik is sewentien respondente wat elk 'n vraelys voltooi het en met wie onderhoude gevoer is, in hierdie ondersoek gedurende 2003 betrek.

As voorbereiding vir data-insameling is literatuurstudie 'n belangrike inligtingsbron en dien dit as basis vir hierdie navorsingswerkstuk. Weens die aard en omvang van hierdie navorsingsdoelwit, word gebruik gemaak van sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe navorsingsmetodes vir die insameling van data. Volgens Neuman (2000:122), is kwantitatiewe navorsers meer "...concerned about issues of design, measurement, and sampling because their deductive approach emphasizes detailed planning prior to data collection and analysis", terwyl kwalitatiewe navorsers meer "...concerned about issues of the richness, texture, and feeling of raw data because their inductive approach emphasizes developing insights and generalizations out of the data collected" is. Vir die doeleindes van die kwalitatiewe gedeelte van hierdie navorsing, word gebruik gemaak van die empiries-fenomenologiese metode om die data te interpreteer. Volgens Giorgi (1975:83-94) is die basiese idee van fenomenologiese navorsing om akademiese en opvoedkundige kontekste aan te spreek en om vooropgestelde idees te vermy. Fenomenologie wil in die navorsingsproses soveel as moontlik fasette van die relevante werklikheid insluit. Onderhoude is dan ook gevoer ten einde die kwalitatiewe gedeelte van die navorsing aan te vul om die deelnemers se werklike ervaring vas te lê. Opvolgonderhoude is in sekere gevalle met

respondente gevoer. Die onderhoude het ten doel om spesifieke of aanvullende inligting te bekom wat in die vraelyste ontbreek. Voorts is die onderhoude belangrik ten einde die ervaring van misdaad in die breër konteks vanuit die oogpunt van die boer/werkgewer vas te stel.

Benewens die kerngroep waarmee die onderhoude gevoer is, is ook ander rolspelers betrek wat polisiebeamptes asook senior lede van sekuriteitsmaatskappye insluit. Onderhoude wat deur die media met slagoffers van plaasaanvalle gevoer is, is bykomstig nagevors en in berekening gebring in hierdie navorsing.

Die werkwyse van die empiries-fenomenologiese metode bestaan uit die volgende vyf stappe:

- Gereduseerde transkripsies.
- Samevatting van die essensie van die geval.
- Geïllustreerde kondensering van die geval.
- Beskrywing van die psigologiese struktuur van die geval.
- Essensiële struktuur van alle gevalle se onderhoude.

'n Vraelys met 49 vrae is ook opgestel en vul die kwantitatiewe navorsing aan. Die vraelys is in drie dele verdeel. Afdeling een fokus op die geografiese gegewens, terwyl afdeling twee op die misdaadaspek as sodanig fokus. Die laaste afdeling is daargestel ten einde die aard van misdaadvoorkomingsaspekte op die onderskeie landgoedere vas te stel. Die vraelysdata is rekenaarmatig met die SPSS-rekenaarprogram verwerk met behulp van gewone frekwensies en kruistabellerings.

SAMEVATTENDE RESULTATE VAN DIE KWANTITATIEWE NAVORSING

Die kwantitatiewe bevindings dui daarop dat misdaad beslis op Transvaal Suiker Beperk se onderskeie landgoedere voorkom. Belangrike resultate sluit statistiese data rakende misdaad en misdaadtendense, asook die aard en omvang van misdaad op die maatskappy se landgoedere in. In die geheel beskou, is die misdaadsituasie op die plase onder beheer met 'n relatiewe lae voorkoms van misdaad in die algemeen, veral wanneer soos byvoorbeeld in die geval van diefstal die relatiewe lae waardes van gesteelde items in aanmerking geneem word. Dieselfde lae misdaad-tendens het by die ander misdade soos inbraak, motordiefstal, saakbeskadiging, bedrog en verkragting voorgekom. In hierdie verband meld Jeffery (1977:212) dat misdaad 'n definitiewe ekologiese patroon volg, afhange van die fisiese omgewing. Misdaad is met ander woorde voorspelbaar, wat beteken dat daar iets aan gedoen kan word. Ten spyte van al die fisiese maatreëls wat op die onderskeie plase in plek is, is die implementering van addisionele voorkomingsmaatreëls noodsaaklik om te verseker dat risiko's optimaal en deurlopend aangespreek word. Dit is voorts belangrik om kennis te neem dat die hoofdoel van die kommersiële boerdery-aktiwiteite van Transvaal Suiker Beperk is om wins vir die aandeelhouers te genereer. Optimale misdaadvoorkoming dra by tot die vergroting van sodanige winste.

Soos duidelik geblyk het in hierdie kwantitatiewe navorsingsresultate, is die bekamping van geweldsmisdade tans nie 'n prioriteit op die plase nie, weens die relatief lae voorkoms daarvan in verhouding met ekonomies-verwante misdade. Misdaadvoorkoming fokus dus hoofsaaklik op die bekamping van ekonomies-verwante misdade en daarom is daar slegs kortliks na plaasaanvalle verwys. Ten spyte van hierdie relatiewe klein misdaadvoorkoms is die doel om 'n misdaadvoorkomingsmodel op te stel wat die voorkoms daarvan nog verder verminder.

SAMEVATTENDE RESULTATE VAN DIE KWALITATIEWE NAVORSING

Die bevindings van die kwalitatiewe navorsing wat voortgevloei het vanuit die soeke na die essensiële struktuur van die boer/werkgewer se belewenis van misdaad op die plaas het gelei tot die uitlig van

vyf konstituente wat die misdaadervaringsaspek as 'n tema aanspreek. Hierdie konstituente saam skep 'n volledige weergawe van misdaadervaring en gee betekenis aan hoe die boer/werkgewer misdaad in sy totaliteit beleef. Die geïdentifiseerde konstituente is die volgende:

- Antisipasie van diensleweringvlakke deur die SAPD.
- Reaksie wat voortspruit uit frustrasie weens swak dienslewering.
- Voorkoming van misdaad as verlengstuk van konstituent twee.
- Invloed van misdaad op lewenskwaliteit.
- Vertroue en lojaliteit.

Dit het duidelik uit hierdie kwalitatiewe sessies geblyk dat die deelnemers waarde heg aan die belangstelling in hulle opinies rakende misdaad. Stellings soos “Jy is die eerste mens met wie ek openlik oor die probleem kan praat” en “Niemand luister na die boer nie, ons maak maar ons eie plan”, bevestig die indirekte waarde van kwalitatiewe navorsing. Alhoewel bostaande geïdentifiseerde konstituente in 'n sekere sin verwag is weens die daaglikse mediaberigte in dié verband, was dit nogtans insiggewend dat die meerderheid deelnemers dieselfde ervarings deel. Hierdie terugvoer is in eie reg belangrik, aangesien dit veiligheidstandaarde in die algemeen evalueer. Die konstituente skep 'n raamwerk waarbinne die ervaring van misdaad in dialoog met ander perspektiewe geplaas word.

Aan die hand van 'n erkende metodologiese werkswyse is deelnemers deur middel van dialoog die geleentheid gegun om hul ervarings te deel. Die totale veld en nie net die individu nie, is binne metodologiese konteks geplaas.

SENTRALE TEMAS SOOS AFGELEI UIT DIE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING

Vier temas is uit die navorsing geïdentifiseer, wat indien effektief aangespreek word, misdaadvoorkoming op plase kan verbeter. Die geïdentifiseerde temas is:

- (1) Gesindheid tussen werkgewer en plaasarbeider;
- (2) Ontwikkeling van plaasarbeiders;
- (3) Ondersteuning aan die boer deur die SAPD; en
- (4) Die belangrikheid van misdaadvoorkoming deur teikenverharding.

Die fokusareas van die vier sentrale temas word vervolgens uiteengesit.

Tema een: Gesindheid tussen werkgewer en plaasarbeider

Die skep van goeie werksverhoudinge

Hierdie tema fokus op onderlinge verhoudinge en verwys na die ingesteldheid en algemene gesindheid tussen boere en plaasarbeiders, met die veronderstelling dat positiewe verhoudinge tot gevolg kan hê dat misdaad op plase geminimaliseer word, omdat die plaasarbeiders lojaal is teenoor die werkgewer. Genoemde stelling beteken *beslis* nie dat die aanname gemaak word dat dit plaasarbeiders is wat verantwoordelik is vir misdade op plase sodra onderlinge werksverhoudinge versuur nie. Die *betekenis* van hierdie *fokusarea* is daarin gesetel dat die bestaan van goeie werksverhoudinge 'n groter vertroue tussen die boer en sy plaasarbeiders tot gevolg kan hê. Sodoende word die kans verminder dat die plaasarbeiders self betrokke sal raak by misdaad op die plaas, of andersins dat die plaasarbeider makliker met inligting vorendag sou kom indien hy/sy bewus sou raak van 'n moontlike misdaad

op die plaas of bewus is van vreemde persone wat moontlik 'n misdaad op die plaas kan pleeg. Die algemene gesindheid wat tussen die plaasarbeider en sy/haar werkgewer bestaan, is 'n aspek wat kan bydra om misdaad op plase te voorkom, mits 'n goeie onderlinge verstandhouding tussen die partye bestaan. In die proses aanvaar die plaasarbeider "eienaarskap" van die plaas. Die ideaal sou wees *dat* daar deur verskeie insette 'n situasie bewerkstellig kan word waarin die plaasarbeider die plaas as sy persoonlike belang sal beskou en daarvolgens optree. Die basis van die bespreking berus dus op goeie bestuur. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die boer/*werkgewer* gesien word as die bestuurder of leier van 'n besigheid of kommersiële produksiegebied. Al die bestuursreëls en -beginsels van toepassing in sodanige situasie, geld ook ten opsigte van die bestuur van 'n plaas. Ter verduideliking word verwys na Haimann et al. (1985:397-408), wat van mening is dat elke organisasie of besigheid uit klein groepe bestaan. Hierdie klein groepe is 'n versameling mense wat dieselfde waardes en doel nastreef. Dit is dus onder andere die leier (boer) van so 'n groep se taak om die res van die groep (plaasarbeiders) so te motiveer en te beïnvloed dat die gestelde doel bereik word.

Verskeie aspekte word in hierdie uitgangspunt voorgedra as riglyne om werksverhoudinge positief te beïnvloed. Mol (1995:11) verduidelik in hierdie verband dat die houding van 'n werknemer grootliks bepaal word deur die wyse waarop hy/sy bestuur word en nie deur die wyse waarop iemand *opgevoed* is nie. Dit is ook belangrik om daarvan bewus te wees dat verskillende mense verskillende behoeftes het. Manning (2002:19) sluit hierby aan en meld dat leierskap (van die werkgewer/landbouer) nie gaan oor jouself nie, maar grootliks oor diegene om jou. Deur leierskap word die gedrag van ander beïnvloed.

In die Nasionale Riglyne vir Plaas- en Kleinhouebeveiliging (2002:10) word die onderstaande riglyne gegee wat nagevolg behoort te word ten opsigte van die daarstelling van goeie werksverhoudinge met plaaswerkers:

- Bou goeie verhoudinge met werkers.
- Hou afskrifte van alle werkers se identiteitsdokumente.
- Moedig werkers aan om sekuriteitsbewus te wees en misdaad aan te meld.
- Moedig werkers aan om op hul hoede te wees vir vreemdelinge wat die area besoek en dit te rapporteer.
- Beloon werkers vir nuttige wenke.
- Bied voldoende veiligheid vir die werkers en hul behuising.

Werwing en keuring van personeel

Die werwing van plaasarbeiders dien as belangrike stap vir die daarstelling van toekomstige gesindhede en verhoudinge en moet nie deur die landbouer afgeskeep word nie.

Die eerste stap in die proses om te verseker dat die beste applikant op die plaas aangestel word, begin reeds met die korrekte vulling van 'n vakature. Schönleich (2000:89) meld in hierdie verband dat navorsing daarop dui dat baie boere plaaswerkers aanstel sonder 'n behoorlike vorige werksverwysing. In sommige gevalle word arbeiders aangestel sonder 'n wettige werkpermit. In hierdie gevalle is daar nie rekords van die applikante beskikbaar nie, 'n situasie wat veel te wense oorlaat. Dit is selfs moontlik dat 'n voortvluggende misdadiger aangestel word wat sy/haar misdadige leefwyse op die plaas kan voortsit.

Die volgende vyf werwingstappe word deur Outlaw (1998:8-9) aanbeveel ten einde die geskikte kandidaat aan te stel:

- Dink goed voor jy iemand aanstel.
- Stel vas waar die beste kandidate is.

- Voer onderhoude en selekteer die beste kandidaat.
- Beloon en behou toppresterders.
- Leer uit jou foute.

Outlaw (1998:93-94) stel die volgende riglyne voor ten einde 'n kortlys van kandidate saam te stel:

- Soek na spesifieke inligting.
- Soek na redes om nie 'n kandidaat aan te stel nie.
- Let op na inligting wat nie op die aansoek verskyn nie.
- Soek na tekens van persoonlike groei en dinamika.
- Gaan die applikant se vergoedingsgeskiedenis na.
- Kyk na tye van werkloosheid.
- Let op na spronge tussen beroepe.
- Let op redes vir diensbeëindiging.
- Let op na tekens van gereelde werksverandering.

Konflik tussen werkgewer en werkers

Konflik en onderlinge verskille is onvermydelik waar 'n groep mense moet saamwerk. Bosch (1994:281) is van mening dat dit makliker is om eerstens te poog om 'n geskil op te los deur onderlinge gesprekvoering tussen die boer/werkgewer en plaaswerker. Dit is baie belangrik om geskille te probeer besleg voordat 'n ongelukkigheid ontaard in groter konflik. Indien daar goeie onderlinge werksverhoudinge bestaan tussen die boer/werkgewer en sy werkers, behoort dit weinig of indien ooit nodig te wees om die hulp van 'n ander party in te roep.

Motiveerders

Mol (1997:45) noem dat dit baie moeilik is om werknemers opgewonde te maak oor hul werk as hulle ongelukkig is oor die werksomstandighede. Beter werksomstandighede moet eerder daargestel word om mense in hul werk gelukkig te hou. Werknemers verwag verder om soos mense behandel te word en hierdie wyse van bestuur is bevorderlik vir goeie werkverhoudinge. Metodes om werkers te motiveer is algemeen bekend en daar word derhalwe nie op motiveerders as sodanig gefokus nie.

Van Niekerk (Bezuidenhout 2001:18-19) is van mening dat boere/werkgewers meer demokraties te werk moet gaan wat besluitneming op die plaas betref. Hy beveel aan dat werkers in 'n groter mate betrek moet word in die neem van besluite. In die proses word werkers se volle potensiaal ontgin, met die gevolg dat hulle meer gemotiveerd is en groter suksesse behaal.

Tema twee: Ontwikkeling van plaasarbeiders

Skep van goeie onderlinge werksverhoudinge

Soos in die geval van tema een, het die ontwikkeling van plaasarbeiders ten doel om die onderlinge verhouding tussen werkgewer en plaasarbeider aan die hand van ondergenoemde uiteensetting te verbeter. Gesindhede en ontwikkeling hou direk verband met mekaar. Die uitgangspunt is dat hoe meer plaasarbeiders ontwikkel en opgelei word wat hul werksverpligtinge op die plaas betref, des te meer verhoog die kans dat goeie onderlinge werksverhoudinge sal bestaan.

Deur werkers op te lei en te ontwikkel, word dit vir die boer/werkgewer makliker gemaak om byvoorbeeld die belangrikheid van 'n begroting of byvoorbeeld wat die impak van onproduktiwiteit

op die boerdery se begrotingsresultate kan hê, aan hulle te verduidelik. Dit is belangrik dat die plaasarbeider “eienaarskap” neem van die plaas en dit geskied soveel makliker indien die plaasarbeider verstaan waarom dit gaan. Een van die maniere waarop dit volgens Gerber et al. (1987:228) kan realiseer, is deur werksverryking. Om werksverrykingsprogramme te implementeer, is ’n maklike wyse om werkers te ontwikkel.

Een van die beste beleggings wat ’n werkgewer kan maak, is om te belê in die ontwikkeling van sy werkers. Die bestuur van die ontwikkeling van die werker behels drie segmente wat insluit:

- Prestasiemeting van die werker.
- Prestasiegesprekvoering en advies.
- Ontwikkelingsaktiwiteite.

Tema drie: Ondersteuning aan die boer/werkgewer deur die SAPD en georganiseerde landbou

Die onderliggende uitgangspunt van hierdie tema is dat die verantwoordelikheid vir plaasbeveiliging oor die algemeen voor die deur van die regering van die dag, met spesifieke verwysing na die insette van al die rolspelers binne die totale regsplegingsfeer en die boer self, gelê word. Uit die aard van die saak verg effektiewe plaasbeveiliging baie insette van die boer/werkgewer wat primêr verantwoordelik is vir veiligheid op die plaas. Volgens Moolman (in Groenewald 2001:10), sluit hierdie rolspelers in die regering, georganiseerde landbou en boere *self*. Die uitgangspunt is dat die regering van die dag die boer ondersteun en bystaan deur middel van die optimale aanwending van die onderskeie hulpbronne. Die SAPD en georganiseerde landbou staan eintlik in vennootskap met die boer/werkgewer wat misdaadvoorkoming betref.

Die vraag kan gevra word of die publiek in die algemeen en boere/werkgewers in die besonder kan staatmaak op die SAPD en/of verwante organisasies in tye van nood of selfs net waar ondersteuning van die SAPD verlang word nadat ’n misdryf op ’n plaas voorgekom het. Die media berig dikwels omtrent klagtes van boere wat nie die verwagte ondersteuning van die SAPD ontvang nie. Labuschagne (2003:2) berig byvoorbeeld dat die polisie eers na ses ure opgedaag het by ’n klaer wat ’n plaasaanvalklagte by die polisie in Nelspruit gerapporteer het. Sodanige ondersteuning van die SAPD is onaantwoordelik en soos die betrokke klaer in die saak dit stel “[a]s media professionals, both my partner and I now have new insight into the cynicism of farmers’ unions, political parties and many ordinary South Africans towards the SAPS”. Labuschagne (2003:2) berig voorts dat die SAPD veronderstel is om basiese beskerming te verleen en insidente soos bovermelde kan die boeregemeenskap aanspoor om die wet in eie hande te neem. Die boer verlang nie net ondersteuning in tye van ’n plaasaanval nie, maar ook effektiewe dienslewering in minder ernstige misdaadvoorvalle en slegs die tyd sal leer of die nuwe eenheid aan hierdie behoefte kan voldoen. Celliers (2003:4), berig dat misdrywe van hierdie aard juis as gevolg van die gebrek aan gereelde, sigbare misdaadvoorkomingsoperasies plaasvind.

Daar bestaan verskeie forums soos plaaslike gemeenskap-polisiëringsvergaderings en boereverenigings waar probleme ter tafel gelê kan word. Talle boere beskou egter sodanige vergaderings as onbelangrik. Die rol van georganiseerde landbou om hierdie forums te aktiveer, kan nie oorbeklemt word nie. Dit is egter belangrik vir die grondeienaar/werkgewer om nie passief te sit en wag vir ’n uitnodiging om deel te neem en betrokke te raak nie.

Tema vier: Misdaadvoorkoming deur teikenverharding

Hierdie tema spruit voort uit die veronderstelling dat die individu pro-aktiewe maatreëls in plek stel om huis en hard optimaal te beskerm. Verskeie boere op plase en kleinhoues is van mening dat dit

die regering van die dag se verantwoordelikheid is om sekuriteit en beskerming op 'n deurlopende basis te verleen (Schönteich 2000:90). Dit is egter binne die vermoë van elke boer om self deur middel van fisiese hindernisse, as eerste stap, sy/haar eiendom te beskerm, en dus sodoende die boodskap uit te stuur aan potensiële misdadigers dat die plaas voldoende beveilig is. Elke boer moet beseft dat daar 'n verantwoordelikheid op almal rus om basiese stappe te doen om die risiko van misdaad op plaas of 'n plaasaanval te verminder. Hoe meer effektief die fisiese misdaadvoorkomingsmaatreëls op die plaas is, des te kleiner is die kwesbaarheid van daardie plaas ten opsigte van 'n misdryf of plaasaanval.

Die beste wyse om misdaad te voorkom, is volgens Post en Kingsbury (1991:105) om 'n reeks hindernisse daar te stel met die bedoeling om toegang tot die bate te bemoeilik. Die uitgangspunt met die aanbring van fisiese hindernisse is om tyd te koop deur die betreder te vertraag of lank genoeg besig te hou, sodat hy/sy makliker opgespoor, geïdentifiseer en gearrester kan word.

Meganiese en fisiese hulpmiddels

Meganiese en fisiese voorkoming konsentreer op struikelblokke wat in die pad van die oortreder geplaas word om sodoende misdaadteikens minder toeganklik te maak vir misdadigers. Naudé (1988:21) wys daarop dat die klem tydens hierdie misdaadsituasie op die fisiese situasie val en nie op die oortreder nie.

Volgens Du Preez (1990:23) sluit fisiese versperrings alle moontlike versperrings in wat tussen 'n oortreder en 'n uitkenbare teiken geplaas kan word om hom te verhinder om vinnig, maklik of onder enige omstandigheid die eiendom te betree. 'n Voorbeeld van hierdie fisiese, mensgemaakte versperrings wat alledaags aangewend word, sluit deure, hekke, slotte, mure, betonblokke, staalplate, diefwering, kettings en heinings in. Voorbeelde van natuurlike hindernisse, anders as mensgemaakte hindernisse, sluit riviere, klowe, hange, of enige ander moeilik deurdringbare terrein in.

Versperrings vertraag toegang en vergemaklik die opsporing en arrestasie van oortreders. Fisiese hindernisse lewer 'n optimale bydrae indien die plasing daarvan goed deurdrag is. Biologiese hindernisse soos waghonde, volstruise en ganse word vir doeleindes van hierdie studie ook gesien as 'n fisiese versperring of tydvertragsmeganisme.

Teikenverharding is 'n gewilde metodiek om kriminele te verhinder om by geselekteerde teikens uit te kom. Die mees effektiewe en goedkoopste sekuriteitsmaatreël, naamlik die aanhou van honde, word dikwels oor die hoof gesien, veral ten opsigte van die voorkoming van betreding en ekonomies-verwante misdade soos inbraak en diefstal. Die addisionele waarde van plaasdiere lê daarin dat dit dien as vroeë waarskuwing. Van der Merwe (1997:23) verduidelik dat die begrip "vroeë waarskuwing" verwys na daardie maatreëls wat getref word om vooraf kennis op te doen en bewus te raak van 'n moontlike of waarskynlike gewelddadige misdaad of aanval op die eiendom. Die blote feit dat mense binne hul wonings op hulle eiendom aangeval en vermoor word, dui daarop dat tydige waarskuwings nie in plek is nie. Algemene vroeë waarskuwing is 'n kernfaktor by die toereikende bedreigingsbewustheid van die individu. 'n Alarmstelsel wat geaktiveer word, 'n hond wat begin blaf, die aandag vir vreemde geluide veral snags, of die waarneming van spesifieke aanduidings van beplande misdaad, is almal middele om kritieke vroeë waarskuwing te verskaf. Persoonlike paraatheid, bedreigingsbewustheid, sekerheid en vroeë waarskuwing funksioneer in die praktyk as 'n eenheid, terwyl die ontbreking of verswakking van een van hierdie maatreëls, terselfdertyd die res van die pakket verswak.

Kruger (2002:117-122) stel dit baie duidelik dat om misdaad meer effektief te voorkom, aandag gegee moet word aan die volgende aksies, wat geïntegreerd toegepas behoort te word vir die beste resultate. Dit sluit in die aanbring van fisiese hindernisse asook biologiese afskrikmiddels soos honde,

ganse en volstruise, die ondersteuning van bestaande stelsels met moderne tegnologiese hulpmiddels soos kameras en alarms, en laastens deur “mensintervensie” soos waar daar byvoorbeeld gereageer word op ’n geaktiveerde alarm. Indien een van hierdie maatreëls ontbreek, is die kwesbaarheid van die perseel net soveel groter.

Die essensie van bogenoemde bespreking word saamgevat in die *GOOM*-misdaadvoorkomingsmodel wat uit hierdie studie ontwikkel is en voorgestel word as ’n misdaadvoorkomingsmodel om misdaad binne ’n kommersiële produksiegebied te bekamp.

DIE *GOOM*-MISDAADVOORKOMINGSMODEL

Die kernaspekte van bostaande bespreking lei tot ’n nuwe model wat saamgevat word as die sogenaamde *GOOM*-misdaadvoorkomingsmodel. Hierdie model plaas die onus op die boer om meer te doen ten einde na sy belange om te sien. Dit is gebaseer op beginsels wat enige boer in gedagte behoort te hou wanneer veiligheid op die plaas ter sprake is. Hoewel daar min maatreëls is wat ’n plaasaanval volkome kan afweer, is daar wel ’n paar dinge wat die boer kan doen om so ’n aanval te bemoeilik. Die *GOOM*-misdaadvoorkomingsmodel is ontwikkel uit waarnemings van die leemtes wat tydens die empiriese veldwerk en literatuurstudie geïdentifiseer is. Dit kom duidelik in die literatuurstudies asook mediaberigte na vore dat boere meer kan doen om misdaad op plase te voorkom. Die waarde van hierdie model is juis daarin geleë dat boere met die minimum insette stappe kan neem om hulle eiendom meer effektief te beskerm. Die bepaalde leemtes is reeds vir die doeleindes van hierdie studie bespreek en binne vier fokusareas/temas saamgevat. Die vier samevattende uitgangspunte (fokusareas/temas) soos wat hierbo bespreek is, vorm dus die basis van die *GOOM*- misdaadvoorkomingsmodel en word soos volg saamgestel:

- G - Gesindheid tussen werkgewer en plaasarbeider – (Verhoudinge)**
- O - Ontwikkeling van plaasarbeiders – (Verhoudinge/motivering/lojaliteit)**
- O - Ondersteuning aan boere deur die SAPD, kommando’s en georganiseerde landbou – (Regeringsinsette en gemeenskapsbeveiliging)**
- M - Misdaadvoorkoming deur teikenverharding – (Woning-/batebeskerming)**

Dit blyk uit figuur 1 dat die vier uitgangspunte van die *GOOM*-misdaadvoorkomingsmodel soos die skakels van ’n ketting geïntegreer is en onafhanklik van mekaar nie suksesvol kan funksioneer nie. Wat misdaadvoorkoming op plase betref, is die effektiwiteit van hierdie model daarin gesetel dat al vier uitgangspunte gesamentlik toegepas moet word ten einde misdaad meer suksesvol aan te spreek. Dit wil sê, indien een van die uitgangspunte van die *GOOM*-misdaadvoorkomingsmodel nie deur die boer nagevolg word nie, word sy kwesbaarheid *verhoog* en is die risiko vir misdaadpleging op die plaas dus groter.


Samevattend beskou, kan die kern van die vier uitgangspunte, soos in figuur 1 uiteengesit, as volg beskryf word:

Gesindhede beklemtoon dat vertroue en verhoudings tussen die boer en sy plaasarbeiders harmonie tot gevolg behoort te hê. Sodoende word ’n aangename werksomgewing geskep waarin arbeiders menswaardig behandel word en wedersydse respek bestaan. Kommunikasie is die medium waardeur goeie gesindhede bewerkstellig word. In sodanige gunstige omstandighede voel mense dat hulle iewers hoort en deel dan in die belange van die werkgewer deur eienaarskap vir dié belange te aanvaar.

Ontwikkeling van plaasarbeiders het tot gevolg dat hulle lewensgehalte verhoog word. Deur middel van konstante posgebonde opleiding toon die boer belangstelling in sy werknemers. Indien die boer

aan die basiese behoeftes van sy plaasarbeiders kan voldoen, deur byvoorbeeld aan hulle goeie behuising te voorsien, behoort sodanige aktiwiteite goeie onderlinge verhoudinge teweeg te bring. Deurdat die boer investeer in byvoorbeeld 'n gemeenskapsaal, sportgronde, 'n skool, opvoedkundige programme vir vroue en kinders, ensovoorts dra die boer by tot die sosiaal-maatskaplike vooruitgang van sy plaasarbeiders.

Ondersteuning aan die boer/werkgewer deur onder andere die SAPD en kommando's wanneer sekuriteitsbreuke plaasgevind het, is van kardinale belang om misdadigers van plase weg te hou. Die SAPD behoort egter deur effektiewe dienslewering 'n professionele beeld uit te dra. SAPD-



Figuur 1: Skematiese voorstelling van die GOOM-misdaadvoorkomingsmodel

lede kan belangstelling toon deur boere meer gereeld te besoek, nie net in tye van nood nie. Sektorpolisiëring dien as voorbeeld van stappe wat geneem kan word om wedersydse samewerking tussen die plaasgemeenskap en die polisie te bewerkstellig. Dit is die verantwoordelikheid van die polisie om te verseker dat hul logistieke reëlins in orde is, sodat dit nie as rede aangevoer word vir die feit dat daar nie altyd tydige aan boere se klagtes aandag gegee kan word nie. Boere/werkgewers behoort ook groter belangstelling te toon in polisieaktiwiteite deur byvoorbeeld op 'n voortdurende basis polisievergaderings by te woon, nie onwettige immigrante in diens te neem nie, self basiese stappe te neem om hulle eiendom te beskerm en verdagte persone aan die polisie te rapporteer. Boere op buurplase kan normaalweg vinniger reageer op 'n noodoproep en derhalwe is dit nodig om kommunikasiekanale daar te stel vir die dag wanneer hulp wel benodig word.

Misdaadvoorkoming deur teikenverharding (die aanbring van fisiese versperrings), ondersteun deur moderne tegnologiese hulpmiddels, is stappe wat boere/werkgewers self kan neem om voorkomend op te tree jeens misdaad. Sodoende bevestig die boer eienaarskap van sy besittings en word misdaad verplaas na plekke waar die bewoners minder paraat is. Fisiese versperrings wat geïntegreer is met byvoorbeeld 'n alarmstelsel, dien as basiese misdaadvoorkomingsmaatreëls wat die boer op 'n koste-effektiewe wyse kan implementeer om sy eiendom te beskerm. Die onderstaande voorstelling van woningbeskerming fokus in groter besonderhede op hierdie aspek.

Kortliks saamgevat, moet daar dus aan die volgende misdaadvoorkomingsmaatreëls aandag gegee word:

- 'n Heining met sluitbare hekke is vir sigbaarheid beter as 'n hoë muur.
- Veiligheidshেকে met stewige slotte voor buitedeure en diefwering voor elke venster kan kosbare tyd koop.
- 'n Veiligheidshেকে binne die huis wat die slaaparea van die leefarea skei, kan deurslaggewend wees as die huis fisies binnegedring word.
- 'n Sirene op die dak met skakelaars in die huis kan ver gehoor word as ander kommunikasievorms misluk.
- Sekuriteitsligte buite die woning wat weg van die huis gerig is, bied gemoedsrus.
- Areas rondom hekke, paaie en T-aansluitings moet gereeld skoongemaak word om wegkruipplekke te verminder.
- Vermyn digte plantegroei in die tuin rondom die woning.
- Vreemdelinge wat die plaas betree, behoort eers toestemming te verkry.
- Behou goeie verhoudinge met plaaswerkers. Beloon hulle vir wenke en inligting en bied aan hulle ook voldoende veiligheid.
- Moet nie persone toegang gee sonder dat hulle eers hulself identifiseer nie.
- Laat ten minste een hond binne die woning slaap.
- Maak seker dat toerusting soos byle, grawe, breekysters ensovoorts toegesluit word.
- Laat 'n telefoon op 'n bereikbare plek installeer, buite die direkte lyn van vuur vanaf 'n venster.
- Behou effektiewe kommunikasie met ander plase en die SAPD, SANW en kommando's.

SLOTBESKOUIING

Logiese beredenering dui daarop dat misdaad nooit volkome beheer of voorkom kan word nie. Misdaad is 'n komplekse verskynsel wat aan verskeie faktore te wyte is en 'n geïntegreerde benadering wat al die misdaadvoorkomingsmodelle toepas, sal waarskynlik die beste resultate ten opsigte van

misdaadvoorkoming lewer. Koste vir voorkomingsprogramme moet opgeweeg word teen die risiko, waarna 'n standpunt ingeneem moet word.

Indien die vier fokusareas van die *GOOM*-misdaadvoorkomingsmodel gesamentlik aangespreek word, kan misdaad op plase in die algemeen effektief voorkom of ten minste geminimaliseer word. Hierdie model is primêr gerig op die vraagstuk rondom die wyse waarop die boer/werkgewer en sy bates teen misdaad beveilig kan word en nie soseer op misdaadbekamping as sodanig nie.

Daar is ook op die belangrikste omgewingsontwerpe gekonsentreer met die klem op die daarstel van fisiese hindernisse as deel van misdaadvoorkoming. Tydsvertraging deur die verharding van teikens het aandag geniet. Die praktiese waarde van die meganiese en fisiese milieu-misdaadvoorkomingsmodel is bespreek en uiteengesit. Die klem het verskuif vanaf die misdadiger na die beveiliging van die slagoffer se omgewing. Deur hierdie logiese beredeneringsproses word die waarde van die *GOOM*-misdaadvoorkomingsmodel geïllustreer ten einde optimale misdaadvoorkomingsmaatreëls vir plase daar te stel.

BIBLIOGRAFIE

- Bezuidenhout, R. 2001. Building a winning team. *Farmer's Weekly*, 13 Julie, p. 18-19.
- Bosch, D. 1994. *Arbeidsreg en die boer: 'n Volledige handleiding oor die regte van boer en plaaswerker*. Kaapstad: Tafelberg.
- Celliers, J.P. 2003. Plaasaanvalle kan gestuit word. *Die Laevelder*, 27 Junie, p. 4.
- Conklin, J.E. 1995. *Criminology, 5th edition*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.
- Du Preez, G.T. 1990. *Sekerheidsforum*. Durban: Butterworths.
- Gerber, P.D. et al. 1987. *Human resources management, 3rd edition*. Halfway House: National Book Printers.
- Giorgi, A. 1975. An application of phenomenological method in psychology. *Duquesne studies in phenomenological psychology*, vol 2, p. 82-103.
- Groenewald, A. 2001. Plaasaanvalle kan so nekslag kry. *Landbouweekblad*. 2 Februarie, p. 10.
- Haimann, T. et al. 1985. *Management, 5th edition*. Boston.
- Kruger, J.F.E. 2002. "Misdaadvoorkoming by nywerhede: 'n Gevallestudie by Transvaal Suiker Beperk." Ongepubliseerde MA-verhandeling. Unisa, Pretoria.
- Labuschagne, L. 2003. Police take six hours to respond. *Die Laevelder*, 7 November, p. 2.
- Manning, T. 2002. *Discovering the essence of leadership*. Cape Town. Zebra Press.
- Mol, A. 1995. *Die mites van bestuur*. Pretoria: Kagiso.
- Mol, A. 1997. *HELP! Ek is 'n bestuurder*. Kaapstad: Tafelberg.
- Nasionale riglyne vir plaas- en kleinhoewebeveiliging*. Uitgegee deur die SANW; SAPD; Agri Securitas & Agri SA. [S.a.]
- Naudé, C.M.B. 1988. *Misdaadvoorkomingstrategieë*. Onder redaksie van C.M.B. Naudé & R.Stevens. Pretoria: Haum.
- Neuman, W.L. 2000. *Social Research Methods: Qualitative and quantitative approaches, 4th edition*. Boston: Allyn & Bacon.
- Outlaw, W. 1998. *Smart staffing. How to hire, reward, and keep top employees for your growing company*. Chicago: Upstart.
- Post, R.S. & Kingsbury, A.A. 1991. *Security administration: An introduction to the Protection Services*. Fourth edition. Stoneham: Butterworth-Heinemann.
- Schönteich, M. 2000. *Attacks on farms and smallholdings*. An evaluation of the rural protection plan. Pretoria: ISS.
- Van der Merwe, J. C.K. 1997. *Sakgids vir beveiliging van individu, woning, plaas en hoewe*. Perskor: Clubview.